12 Julie 2020

Hoërskool Kategese

Romeine 8:1-11

wat wil jy vandag bereik?

Sm die boodskap vir die kategeet in 'n paar sinne op.

Let wel dat hierdie materiaal opgestel is, tydens die COVID-19 *lockdown* van 2020. Die materiaal is dus opgestel met die oog op gesprekke via Whatsapp, Zoom of HouseParty of watter platform op sosiale media jy sou verkies.

Soos altyd glo ons dat die gesprek (die *journey*) belangriker is as die antwoorde (die *destination*). Maak dus ruimte daarvoor dat die gesprek mag afdwaal – ons glo immers dat die Heilige Gees in beheer is van die gesprek, nie ons nie.

Wees veral gereed om eerlik oor jou vrese te gesels. Onthou, ons is almal angstig - omdat die toekoms onsekerder is as ooit. Dis egter juis vir sulke tye wat ons 'n geloof het wat die moeite werd is om aan vas te hou!

Bly naby mekaar - al doen ons die hele *social distancing* ding!

ons storie: ysbreker (hier en nou)

Gee eers kans dat elkeen inklok. Hoe was jou week?

Wanneer "veroordeel" ("judge") jy iemand?

Was jy al ooit so moeg dat jy lus was om net eenvoudig tou op te gooi en huis toe te gaan? Wat maak dat ons so voel?

Wat dink jy is 'n 'godsdiens'? Is daar 'n verskil tussen 'godsdiens' en 'n 'verhouding met Jesus'?

word stil

Lees Psalm 119:105-112 as 'n gebed.

Dink hieroor na:
Die 'bepalinge' is die reëls wat God neerlê. Dink jy God se reëls is onregverdig, moeilik om by te hou?

GOD se storie
wat sê die Bybel (daar en dan)

lees Romeine 8:1-11 in verskillende vertalings

Lees veral die Nuwe Lewende Vertaling, Die Boodskap en die Message se weergawes. Dit is gratis op die app YouVersion.

gesels dan oor die volgende saam

- Noem enige iets uit die gedeelte wat jou geraak het. Of enige vrae wat jy nou het.
- Van watter tipe 'veroordeling' praat Paulus hier in vers 1? As hy sê daar is nie meer vir ons veroordeling nie, beteken dit dat ander mense ons nie meer sal 'judge' nie?
- Paulus verwys na twee wette: die 'wet van die Gees' en die 'wet van sonde en dood'. Wat is die verskil tussen die twee?
- Jesus het ons vrygemaak van die houvas wat sonde op ons gehad het. Wat beteken dit? Beteken dit dat ons nooit weer gaan sonde doen nie? Beteken dit dan jy maar kan sonde doen nes jy wil, want Jesus het jou in elk geval vrygekoop?
- Wanneer word jy 'deur die Gees beheers' en wanneer 'deur jou sondige natuur?' Dink aan praktiese voorbeelde om die verskil duidelik te maak.
- Wat moet jy doen (kan jy doen) om deur die Gees beheers te word? Kyk maar, Paulus fokus nie op spesifieke gedrag ('dinge' wat jy moet doen) nie, maar op 'n nuwe 'mindset'.
- Ons praat maklik van die 'kerk' – en dan bedoel ons die gebou waarin ons normaalweg bymekaarkom op Sondae. Paulus sê egter baie duidelik dat daardie tyd verby is dat God in geboue woon. Waar is God dan nou volgens vers 9? En wat sal ons dan sê wanneer mense sê "Die kerk was toe tydens die 'lockdown'"?

ons nuwe storie

Hoe ons nuut, dink, doen en leef in die wêreld rondom ons. Verder en Voor

Those who trust God's action in them find that God's Spirit is in them—living and breathing God! Obsession with self in these matters is a dead end; attention to God leads us out into the open, into a spacious, free life. Focusing on the self is the opposite of focusing on God. (Eugene Peterson)

Hoe kan jy hierdie week minder op jouself en meer op God fokus?

na die erediens

As julle groep na die erediens bymekaarkom waarin die teks hanteer is

- Noem enige iets uit die prediking wat jou geraak het of wat jy nie verstaan nie.
- Wat dink julle was die hoofgedagte? Kan julle dit in een sin opsom?

bid vir mekaar

Is daar enige iets waarvoor die groep vir jou kan bid?

Onthou julle nog die ABC van gebed?

Aanbidding
"Here, ek aanbid U, want..."

Belydenis
"Here, vergewe my vir..."

Voorbidding
"Ek bid vandag vir..."

Danksegging
"Dankie, vir..."

Eie behoeftes en toewyding
"Here, help my om..."

Bid vir:

- ons land
- ons regering
- vir hulle wat siek is
- vir hulle wat verlang na mense
- vir hulle wat voel dat hulle nie meer kan nie